TOELATINGSKRITERIA TOT MARTIE DU PLESSIS SKOOL VIR SEREBRALE, FISIEKE EN LEERGESTREMDE LEERDERS

1. **'n Mediese diagnose as serebraal of fisiek gestremde, wat daarop dui dat die leerder nie kan aanpas in die hoofstroomonderwys nie**.
   OF
2. '**n Diagnose as Ernstig Spesifieke Leergestremde, wat aan die volgende vereistes voldoen:**
   a. '**n Gemiddelde intellektuele vlak van funksionering** (met wisselende vaardigheidsbeeld).
   b. '**n Voldoende begrip van die taal van onderrig** (Afrikaans of Engels).
   c. **'n Beduidende agterstand (ongeveer twee jaar) op een of meer van die volgende skolastiese vaardighede: lees, spel, skryf en/of wiskunde**.
   d. **'n Geskiedenis van verskillende intervensies** om die skolastiese probleem reg te stel, waar sulke hulp beskikbaar was, binne of buite skoolverband: bv. RO, arbeidsterapie, studiemetode-opleiding, medikasie ens.
   e. '**n Aanvaarbare gedragsrekord**, sodat ander leerders nie ontwrig sal word nie.
   f. **Onvermoë om te vorder** in die hoofstroom, bv druip akademies.

Bogenoemde is riglyne, maar elke aansoek is uniek en moet op meriete beoordeel word. Daar is egter beperkinge op die getal leerders wat per klas toegelaat mag word.

HOE DOEN EK AANSOEK?

Die huidige skool (SBST) skryf 'n verwysingsbrief aan die DBST (Distrikgebaseerde Ondersteuningspan) en die volgende dokumente word aangeheg:

1. **Alle terapeutiese, mediese en sielkundige verslae**. ('n Individuele intelligensietoets-uitslag met 'n verbale en nie-verbale telling, nie ouer as 'n jaar nie, is noodsaaklik.)

2. **Lees-, spel- en wiskundetoetsuitslae, deur 'n remediërende onderwyser of sielkundige afgeneem, is baie belangrik.**

3. **Die mees onlangse rapport, asook 'n opgedateerde gedragsrekord van die skool, moet aangeheg wees**.

4. **Dien al bogenoemde in by die Katleho Gebou, Kamer 428, by Me. Sebitlo (skakel eers 051 404 4289 vir 'n afspraak). Kry bewys van ontvangs. Hou afskrifte van bg. Volg aansoek gereeld op.**